Rotshengel

"Baie mense gaan hengel hulle hele lewe sonder om te besef dat dit nie vis is waarna hulle op soek is nie."
- Henry David Thoreau

Doelwit: *Om die Verkenner 'n beter begrip te laat kry van die sport kushengel, die tydverdryf gepaard met hengel en die geleentheid om die natuur van naderby te leer ken.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Die spesialisasie spreek die B en C van die ABC aan deurdat die Verkenner kennis opdoen oor die kuns van rotshengel. Kennis oor die natuur en die algemene reëls en regulasies wat veband hou met hengel verbreed die Verkenner se algemene kennis om sodoende as verantwoordelike landsburger te kan optree. Die Verkenner sal ook die geleentheid hê om nader aan sy Skepper te beweeg deur die tyd wat in die natuur spandeer word tydens die aanbieding van die spesialisasie.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Minstens 3 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan slegs in span-/groepsverband afgehandel word. • Kundige persone moet die verskillende fasette van die spesialisasie aanbied.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Bewus wees van die verskillende soorte hengel en by watter afdeling hy betrokke raak.*
2. *Kennis dra van die volgende aspekte van hengel:*
   - *2.1 Visstokke.*
   - *2.2 Katrolle.*
   - *2.3 Lyn.*
   - *2.4 Voorloper ("Leader").*
   - *2.5 Stroppe ("Traces").*
   - *2.6 Hoeke.*
   - *2.7 Sinkers.*
   - *2.8 Knope.*
   - *2.9 Ander gerei.*
3. *Die verskillende soorte aas ken en weet waarvoor elk aangewend word.*
4. *Kennis dra van die gebruik van die toerusting wanneer die volgende tegnieke uitgevoer word:*
   - *4.1 Gooi tegnieke ("Casting").*
   - *4.2 Wag vir 'n byt.*
   - *4.3 Kaptegnieke.*
   - *4.4 Speel met die vis.*
   - *4.5 Landing.*
5. *Weet wat om met sy vangs te doen nadat die vis op land is.*
6. *Deur 'n beampte van die Provinsiale Natuurbewaring toegelig word ten opsigte van die Reëls en Regulasies en Mariene Hulpbron bewaringswetgewing.*

Rotshengel

7. *Kennis dra van die kriteria wat aangewend word by die keuse van visvangplekke.*

8. *Vertroud wees met die beste tyd om te gaan hengel.*

9. *Bewus wees van die gevare van visvang.*

10. *Kennis dra van georganiseerde hengel soos by klubs en unies.*

11. *Ten minste **vyf** erkende hengel seewater visspesies kan uitken.*

12. *Aan ten minste **een** hengel geleentheid in die nag deelneem waartydens hy sy toerusting moet voorberei, aanwend en versorg.*

13. *Aan ten minste **twee** ander hengel geleenthede deelneem waartydens hy sy toerusting moet voorberei, aanwend en versorg.*